




Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompass



Jaargang 17 no 2

Februarie 2008

Tema: 'n Lewende Dankoffer

- **Priesterdiens: Die amp van selfopoffering** 2
- **Gesalf om getuies te wees** 4
- **Is ek 'n koning?** 6
- **Kerknuus** 8
- **Die gevreesde kanker van suinigheid** 9
- **My beroep: genade en gehoorsaamheid** 11
- **Film-analise** 13
- **Terug in Suid-Afrika : Onderhoud met ds DM Boersma** 16
- **Boekenuus** 18
- **Advertensiebeleid** 19

REDAKSIONEEL

Dit is dikwels eenvoudig om in die voetspore te volg van voorgangers wat nie 'n groot sukses van hulle taak gemaak het nie; dan is dit immers maklik om op hulle werk te verbeter. Helaas is dit nie die posisie waarin die nuwe redaksie van *Kompass* hulself bevind nie. Die nuwe redaksie volg in die voetspore van voorgangers wat met groot ywer en positiewe welslae hulle werk ten opsigte van hierdie blad verrig het. Namens die stigting *Woord en Wandel*, die nuwe redaksie en al die lesers wil ons die vorige redaksie hartlik bedank vir hulle goeie werk.

Uiteraard sal daar hier en daar veranderings in uitleg en aanpak wees. Dit sou ook vreemd gewees het as 'n nuwe redaksie hierin nie sy eie gedagtes gehad het nie. Enkele van die veranderings is alreeds op hierdie eerste bladsy sigbaar – 'n nuwe kleur vir 2008, en die terugkeer van 'n redaksionele voorwoord.

Maar in wese sal daar voortgebou word op die werk wat deur die vorige redaksie verrig is. Ons wil die kompasnaald van *Kompass* in dieselfde rigting laat wys as ons voorgangers. Ons sal daarna strew om op 'n vars en deurdringende manier die slagspreuk van *Kompass* in praktyk te bring: Rigtingwyser vir die gereformeerde lewe. Of eenvoudig gestel: *Kompass* wil aan Christene leiding gee om soos kinders van God in hierdie wêreld te lewe.

Gepraat van Christene...

Dit is 'n naam wat ons vir die eerste keer teëkom in die jong gemeente van

Antiochië: "en die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem" (Hand. 11:26). Of hierdie naam moontlik deur die omgewing as skeldnaam bedoel was, is nie duidelik nie. In elk geval praat die Skrif nêrens negatief oor hierdie naam nie. Intendeel, dit is 'n ere naam! Immers, met hierdie naam word leerlinge na hulle Meester vernoem: Christus, die Gesalfde (= Messias). Dit is Hy wat, volgens Sondag 12 van die Kategismus, gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar, ons enigste Hoëpriester en ons ewige Koning. Hy is die Een wat as Profeet die weg tot verlossing en ewige lewe vir ons bekend gemaak het, wat as Priester Homself opgeoffer het sodat daardie weg tot verlossing moontlik geword het, en wat as Koning sy onderdane by die verlossing beskerm en bewaar. Na Hóm is ons vernoem!

Gepraat van Christene...

'n Erenam! Maar tewens 'n naam met vérstrekkende implikasies en verantwoordelikhede. Wie na sy Meester vernoem is, kry ook die taak om sy Meester te vertoon. Wie vernoem is na die groot Profeet, Priester en Koning, moet self ook profeet, priester en koning wees – in die persoonlike lewe, in die huweliks- en gesinslewe, in die lewe by die werk en by die skool. En juis hierin wil hierdie uitgawe van *Kompass* leiding gee. Ja, reg aan die begin van 2008 word u opgeroep om 'n lewende dankoffer te wees in die amp van gelowige, die amp wat die hele lewe omspan!

PRIESTERDIENS: DIE AMP VAN SELFOPOFFERING

Ds Erik van Alten

TEMA: 'N LEWENDE DANKOFFER

Probeer jouself die volgende voorstel...

Om jou heen klink die geskreeu van diere in hul laaste lewens-oomblikke, die bloed van geslagte diere vloei onder jou voete deur. Jy is self besig om 'n lammetjie se keel af te sny; wanneer jy daarmee klaar is, moet jy sy binnegoed uithaal, die verskillende dele afsny en met water was, en dit daarna op die altaar aan die brand steek. Grusaam? Wel, dit was die realiteit vir die priesters van die Ou Testament. Dit was hulle werk om die offerdiens namens die volk te verrig.

Die meeste van ons sal bly wees dat hierdie "seremonies en heen-wysings van die Wet met die koms van Christus opgehou het en dat alle voorafskaduwing tot 'n einde gekom het" (NGB artikel 25). Want stel jouself voor dat jý hierdie werk moes verrig – die bloed, die geskreeu, die laaste stuiptrek-kings... Nee, priesterdiens sit nie in ons bloed nie. Ons is maar te bly met die vervolgsin in artikel 25: "Die gebruik daarvan moet derhalwe onder die Christene afgeskaf word." Geen probleem nie, ons skaf dit met graagte af.

Maar is dit die wese van die priesterdiens? Gaan dit in die priesterdiens net oor bloedvloeiing, 'n bloedvloeiing wat deur Christus se bloedstorting vervul is, en daarom onder ons maar afgeskaf kan word? Kom ons kyk of dit inderdaad die geval is, en of "die waarheid en inhoud" (NGB artikel 25) van hierdie priesterdiens nie dalk vir ons nog bestaan nie. Ek

volg in hierdie artikel die lyn vanaf die Ou Testamentiese priesterdiens, via die volmaakte werk van ons enigste Hoëpriester, Jesus Christus, tot by die priesterdiens van die gelowige van vandag in sy kombuis en in sy kantoor, op die sportveld en in die winkel.

Die voorafskaduwing

Ons kan die taak van die priester in die Ou Testament in twee dele verdeel: enersyds moes hy God by die volk verteenwoordig, en andersyds was dit sy taak om die volk by God te verteenwoordig. Die priester van die ou bedeling was in 'n sekere sin dus 'n middelaar, iemand tussen God en die volk.

In die eerste plek moes die priester God by die volk verteenwoordig. Dit het hy gedoen deur die volk te onderrig in die wet (*torah*) van die Here. Hierdie taak staan dan ook eerste wanneer Moses voor sy dood die stam van Levi (waaruit die priesters gekom het) seën met die woorde: "Hulle sal Jakob u verordeninge leer en Israel u wet" (Deut. 33:10). Verskeie ander gedeeltes uit die Skrif bevestig dit. Miga 3:11: "Sy hoofde spreek vonnisse uit vir 'n geskenk, en sy priesters gee onderrig vir loon, en sy profete is waarsêers vir geld." Jeremia 18:18: "... onderrigting sal nie ontbreek by die priester of raad by die wyse of 'n woord by die profeet nie." God het dus sy wet aan die priesters toevertrou om dit op sorgvuldige wyse by die volk in te prent. Soos wat Maleagi in hoofstuk 2:7 sê: "Want die lippe

van 'n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is 'n boodskapper van die HERE van die leërskaare." Die priester was die een wat die volk moes lei in hulle kennis van die Here, en in die uitlewing daarvan in die daaglikse lewe.



Daarby moes die hoëpriester ook die Urim en die Thummim bedien. Die Urim en die Thummim was twee voorwerpe – ons weet nie presies hoe dit gelyk het nie –

wat die hoëpriester in sy borstas gedra het (sien prentjie) en wat hy gebruik het om die beslissing van die Here oor spesifieke sake aan die volk bekend te maak. Ook op dié manier het die priester God by die volk verteenwoordig.

Aan die ander kant het die priester die taak gehad om die volk by God te verteenwoordig. Hierdie taak het vernaamlik na vore gekom in die offerdiens. Die priesters was, in opdrag van die Here, die bedienaars van die altaar. Dit is dan ook die tweede deel van Moses se seën in Deuteronomium 33: "... hulle sal reukwerk voor U neerlê en 'n voloffer op u altaar" (Deut. 33:10).

Wanneer die priester die bloed en die vleis van die offerdier na die altaar gebring het en daar die wierook laat opstyg het, het hy daarmee aan God die gebede en versoeke van die gelowiges

aangebied. Hy het namens die offeraar voor God gepleit vir vergifnis, Hom gedank vir sy weldade en Hom gesmeek om hulp en bystand. Soos wat die Hebreërskrywer in hoofstuk 5:1 sê: "Want elke hoëpriester wat uit die mense geneem word, *tree ten behoefte van mense op* in die dinge wat in betrekking tot God staan, om gawes en offers vir die sondes te bring..."

Die vervulling

Die priesters van die Ou Testament was egter slegs voorbeelde van Hom wat sou kom. Uiteindelik het die priesterdiens in Jesus Christus tot sy volle vervulling gekom. Hy is die ware Middelaar tussen God en die mense (1 Tim. 2:5).

Ons sien dit daarin dat Hy God op 'n volmaakte wyse by die gelowiges verteenwoordig. Hy onderrig die gelowiges oor God, en nie slegs uitwendig deur die Woord nie, maar veral ook in die hart deur die werking van die Heilige Gees. Dit is daardie Gees wat ons, volgens Johannes 16:13, in die hele waarheid sal lei. Christus onderrig dus op só 'n wyse dat daardie onderrig ook ingang vind in ons harte en ons lewens radikaal verander, sodat ons volgens God se wil begin dink, praat en optree. Andersyds verteenwoordig Christus ook die gelowiges by God. En Hy doen dit nie slegs deur 'n dier vir ons te offer nie; nee, Hy was self die slagoffer vir die sondes van almal wat deur God uitverkies is. Hy was Priester en Offer, Offeraar en Offerlam tegelyk. Deur middel van hierdie offer het Christus versoening tussen God en ons bewerk, en het Hy die reg verwerf om dag en nag as Voorspraak vir die gelowiges by God in te tree. Met voortdurende verwysing na sy eie offer aan die kruis, bid Christus tot sy Vader vir die uitverkorenes.

In Christus het die middelaarstaak, wat die priesters van die Ou Testament alreeds ontvang het, tot volle vervulling gekom. Hy is volmaak, sowel in sy verteenwoordiging van God by die gelowiges as in sy verteenwoordiging van die gelowiges by God.

Die uitwerking in ons priesterdiens

Wie in Jesus Christus glo, het deel aan Hom – Hy in my, en ek in Hom. Wat myne is, word syne; wat syne is, word myne. Die Christen lewe gevolglik deur die krag van Christus, en Christus maak sy krag sigbaar in die lewe van die Christen. Hierdie eenheid tussen Christus en die Christen is so intiem dat dit onvermydelik moet uitwerk in die lewe van die Christen. Wanneer Christus die volmaakte Hoëpriester is, dan moet dit uiteraard ook sigbaar word in die priesterdiens van die Christen! Maar hoe moet ons konkreet hieroor dink?

Wel, ons priesterdiens kom in die eerste plek na vore wanneer ons God hier op aarde verteenwoordig. En dit doen ons deur mekaar te leer en te vermaan. Ja, eers moet ons deur Christus en sy Gees geleer word, soos wat Paulus ons in Kolossense 3:16a oproep: "Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid." Maar daarna sê Paulus in vers 16b ook nog: "Leer en vermaan mekaar..." Wanneer ons onself deur ons Hoëpriester, Christus, laat leer, behoort ons vervolgens self ook priesters te wees en mekaar te leer. En onthou: dit is nie hoogmoed wat ons daartoe bring om ander te wil leer en vermaan nie. Dit is priesterlike diensbaarheid wat ons daartoe bring. Deur in nederigheid ander te leer en te vermaan, hou ons daardie persoon juis by Christus. Dit is priesterdiens!



Vervolgens kom ons priesterdiens ook na vore wanneer ons ander mense by God verteenwoordig.

En dít doen ons deur, soos die Ou Testamentiese priesters, offers te bring. Nee, nie diere-offers nie, maar die offer van ons lewe! Selfopoffering ter wille van ons naaste.

En hierdie selfopoffering kom na vore in ons gebede vir ander (Hebr. 13:15: "Laat ons dan gedurig ... aan God 'n loffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely" en Jak. 5:16: "... bid vir mekaar"), dit kom tot uiting in ons gawes aan die armes en aan die kerk (Hebr. 13:16: "Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehag aan sulke offers"), en dit kom tot uiting in die bereidheid om kruis en teëspoed ter wille van ander te verdra (Fil. 2:17: "Maar al word ek as 'n drankoffer uitgegiet oor die offer en bediening van julle geloof, verbly ek my...").

Priesterdiens is dus nie iets van die verlede nie; dit is ook nie vaag nie. Baie konkreet kan ons ons priesterdiens hande en voete gee in die lewe van elke dag. Wees priesters volgens die voorbeeld van Christus. Doen dit omdat jy 'n verlore is: "Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank" (Openb. 20:6).

◊◊◊◊

GESALF OM GETUIES TE WEES

Ds Jerry Mhlanga

TEMA: 'N LEWENDE DANKOFFER

Elke Christen sal saamstem dat hy/sy geroep is om 'n lig te wees. Die opdrag om die sout en die lig van hierdie wêreld te wees (Matt. 5:13-16), geld vir elke Christen. Ek kan nie aan enige Christen dink wat die invloed van hierdie opdrag in hul lewe kan negeer nie. Mag ons dan tot die gevolgtrekking kom dat elke Christen 'n taak het om 'n getuie vir Christus te wees? Ja, ons mag tot hierdie gevolgtrekking kom, want dit is wat ons ook glo: "omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel aan sy salwing het, **sodat ek sy Naam kan bely...**" (Hk, Sondag 13, v/a 32).

Ons sal nou meer aandag skenk aan hierdie laaste deel. Wanneer ons na die laaste deel van die sin kyk, is daar een ding wat duidelik na vore kom. Dit is dat daar in die hart van elke Christen die begeerte is om die Naam van Jesus Christus ons Here te bely. Dit is 'n oproep wat ons nie kan negeer nie. Ja, ons kan dalk verskil in die gawe om dit te doen, maar ons kan nie verskil in dit wat ons bely nie. Een van die vrae wat outomaties in 'n gesprek oor hierdie onderwerp na vore kom, is die vraag: hoe moet ek 'n getuie wees? Word dit van my verwag om van huis tot huis te gaan en te vra dat ek na binne genooi word om so die boodskap met mense te deel? Word dit van my verwag om in die openbaar op 'n plein met 'n luidspreker die mense toe te spreek? Dan kom die vraag: wat van dié wat skaam is, wat moet hulle doen?

Die einddoel van hierdie artikel is om 'n hulpmiddel te wees vir elke Christen wat begeer om hulle Christelike opdrag, naamlik om Christus te bely, na te kom, maar

terselfdertyd voel dat hulle nie in staat is om dit te doen nie. Dit is my gebed dat u aangemoedig mag word om hierdie opdrag van God op u te neem. Om dit te doen, wil ons graag aan twee sake aandag skenk: eerstens die motiewe om te getuig en tweedens die metodes om te getuig.

Die Motiewe Om Te Getuig

God het in sy Woord nie alleen aan ons die opdrag gegee om lig en sout te wees nie, al kon Hy dit gedoen het as Hy wou. Hy het die reg om dit te doen, maar in sy genade het Hy ook verkies om redes te gee, sodat ons daardeur gemotiveer mag word om hierdie opdrag op ons te neem tot sy eer. Daarom sal dit goed wees om aandag aan hierdie motiewe te skenk. Laat ons hierdeur onself aanmoedig om hierdie opdrag op ons te neem:

Die realiteit van die uitverkiesing:

Elkeen wat die verdorwe toestand van die mens uit 'n Bybelse oogpunt verstaan, sal ook tot die gevolgtrekking kom dat om teenoor die mens te getuig, 'n nuttelose werk is. Die manier waarop die Bybel praat oor die mens soos hy in hierdie wêreld gebore is, is baie ontmoedigend. Is daar enigiemand onder ons wat 'n klip in vlees kan verander, iemand uit die dode kan opwek, teen die mag van die satan kan staan, of teen die invloede van hierdie wêreld kan standhou? Al wat ons kan sê, is dat ons uit onself meegevoer sou word met die magte van hierdie wêreld. Dit is wat die Bybel ons ook oor die mens in hierdie wêreld vertel; ons is almal gebore met 'n hart van

klip, dood in ons sondes, slawe vir satan, die wêreld en ons eie vlees, en ons staan onder God se oordeel (Eseg. 11:19, 36:26; Efes. 2:1-3, 11-12; Tit. 3:3). Daarom sal dit Goddelike mag verg om die mens te verander, 'n mag wat die mens self nie het nie. Dit is hier waar ons leer dat God al voor die skepping mense uitverkies het tot verlossing in Christus (Efes 1:4-5). Maar hoe weet mense dat hulle uitverkies is in Christus of hoe ervaar hulle die realiteit van hierdie uitverkiesing? Ons kan aan Paulus hierdie vraag vra: hoe weet u dat die gelowiges uitverkies is? Luister na sy antwoord: "in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte" (Efes. 1:13; sien ook Rom. 10:14-15). God het verkies om die uitverkiesing waar te maak deur aan die mens die waarheid van God te vertel, naamlik die evangelie. Dit is die werk van God wat ons die krag en aanmoediging gee om in sekerheid en hoop van Hom te getuig. En wat ons doen, is nie nutteloos nie, want ons word verseker dat dit vrugte sal oplewer.

Die realiteit van die oordeel: Die feit dat die dag van groot oordeel kom, moet ons aanmoedig om te getuig. Paulus sê: "Omdat ons dan die vrees van die Here ken, probeer ons om die mense te oortuig..." (2 Kor. 5:11). Die vrees van die Here in hierdie vers word gekoppel aan die oordeel van God wat in die vorige vers genoem word. Die vrees wat hier genoem word, is nie net 'n vrees van ootmoediging nie, maar 'n opregte

vrees vir God en die realiteit van sy oordeel. Wat Paulus hier noem, is nie anders nie as dit wat Christus ook aan sy dissipels gesê het toe Hy aan hulle die opdrag gegee het om te preek en te getuig in sy Naam. Wat sou hulle vrees vir die mense wegneem? Christus het gesê: "En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel" (Matt. 10:28). As Christene weet ons dat dit die lot is van elke mens wat sonder Christus is, u kind, man/vrou of familie. Daar is niks wat hulle kan red nie, behalwe as hulle die goeie nuus van die evangelie hoor en so na Christus kom, omdat u oortuig is van die oordeel wat kom.

Die realiteit van Christus se liefde:

Wat is die regte antwoord op Christus se liefde? Paulus het dit vir ons gesê in 2 Korinthiërs 5:14-15. Hy sê dat Christus se liefde net een uitwerking het en dit is dat niemand meer vir homself leef nie, maar vir Hom wat vir ons gesterf het. Wat is die tragedie van die mens dan? Dat die mens alleen vir homself leef. Maar Christus se liefde spoor u en my aan, dat daar niemand meer moet wees wat so leef nie. As ek dit verstaan en wanneer hierdie werklikheid sy houvas op my het, sal ek reageer en antwoord op die regte manier. Ek sal aangemoedig word om, wanneer ek 'n man of 'n vrou, jonk of oud, sien wat net vir hulself lewe, die begeerte te hê om hulle tot God te roep.

Die realiteit van die ambassadeur-skap: Die feit dat ek 'n gesant vir die Allerhoogste Koning is, beteken dat ek Hom in hierdie lewe verteenwoordig. My enigste taak is om die aandag van almal op my Koning te vestig, net soos 'n getroue gesant, met 'n begeerte om van Hom te getuig. Lees wat

Paulus skryf in 2 Korinthiërs 5:20-21. Ons word geroep om Hom te verteenwoordig en Hom alleen. Daarom, gebruik elke geleentheid om van Hom te getuig, laat dit u enigste begeerte wees.

Daar is nog talle ander motiewe wat genoem kan word, maar ek hoop dat hierdie genoeg sal wees om u en my tot getuienis aan te spoor.

Metodes Om Te Getuig

Vanuit die Bybel het God in sy wysheid vir ons twee maniere gegee om te getuig, twee maniere vir die bevordering van die evangelie, naamlik: eerstens verbaal (Matt. 10:32, Hebr. 13:15) en tweedens met ons lewenswandel (1 Petr. 1:11-12). Ons moet tot die gevolgtrekking kom dat, as Christene, ons nie die een minder as die ander een mag ag nie. Al twee is uiters belangrik en moet ook so gesien word. Hier volg 'n paar praktiese maniere om dit na te kom.

Persoon tot Persoon: Dit is een manier wat gebruik kan word om te getuig. U kan van hierdie geleentheid gebruik maak wanneer u mense ontmoet. U besluit om met sekere persone te identifiseer en met hulle te praat op 'n gereelde basis. Met hierdie ontmoetings deel u met hulle die evangelie.

Bybelstudie: Bybelstudie is weer 'n ander manier om te getuig. U kan 'n Bybelstudie organiseer saam met ander kerklede en dan saam besluit op 'n Bybelboek om te bestudeer. Vervolgens kan elke kerklid 'n vriend of buurman/vrou wat nie 'n Christen is nie, nooi om die Bybelstudie by te woon. U kan op 'n weeklikse basis in die huis van 'n kerklid bymekaar kom en so die Woord van God met mekaar deel.

Kerkdienste: Die kerkraad saam met die dominee kan besluit dat daar elke maand een diens is wat toegewy word aan evangelisasie-prediking. Elke kerklid sal vantevore ingelig word en hy/sy kan dan iemand uitnooi om hierdie spesiale diens by te woon. Ná die diens kan daar dan geleentheid wees vir koffie om so verder met die gaste te gesels. Natuurlik beteken dit nie dat die evangelisasie-prediking dan net vir ongelowiges is nie, want op 'n manier is elke preek evangelies van aard. Ek hou dit in gedagte as ek so oor evangelisasie skryf.

Pamflette uitdeel: Die kerk kan die verantwoordelikheid neem om te sorg dat elke lid pamflette ontvang om uit te deel. Indien moontlik, is dit selfs beter as die lede elke week 'n pamflet ontvang om uit te deel in die week wat volg, nadat hulle dit self eers gelees het. Elke lid gee hierdie pamflet dan aan 'n ander persoon of persone en bespreek met hulle die inhoud daarvan.

Bogenoemde is maar enkele metodes wat gebruik kan word om te getuig; daar is baie meer. Nogtans moet ons ons hoop nie op die metodes stel nie, maar op God wat mense roep deur sy Woord en die krag van die Heilige Gees, en hulle so tot Christus ons Verlosser lei. Alleen as ons op hierdie hoop bou, kan ons lig en sout wees. Dan bring ons lig op die pad van 'n man of 'n vrou wat in duisternis lewe, sodat hulle kom na die enigste Lig, Christus Jesus.

Ds Jerry Mhlanga is sendeling van die Vrye Gereformeerde kerk Pretoria-Maranata en tans werksaam in Soshanguve-Suid

◊◊◊◊

IS EK 'N KONING?

Ds Cees Kleijn

TEMA: 'N LEWENDE DANKOFFER

Ons Here Jesus Christus is Koning. Hy regeer oor kerk en wêreld. Dit is wat ons in geloof bely. Tog ervaar ons dit nie altyd so nie. Regeer Christus in hierdie harde en korrupte wêreld waar jaarliks miljoene mense deur geweld of siekte sterf en waar diktators soos Mugabe aan die mag vasklou? Deur die geloof is ons lede van Christus en het ons deel aan sy salwing. Daardeer is ons ook konings. Dit ervaar ons nog minder as Christus se koningskap. Waaruit blyk dit dat ek 'n koning is? Die Kategismus praat van stryd in hierdie lewe en 'n troon daarna. Is ek dan werklik vandag reeds koning? Hoe kom dit dan tot uiting?

Kultuuropdrag

Kom ons kyk hoe dit in die begin was. God het Adam as koning aangestel. Wat moet Adam as koning doen? Die mens moet die aarde bewerk en tot ontplooiing bring. Hy moet die potensiaal wat daarin opgesluit lê, ontwikkel. Hy moet wetenskaplik besig wees. In die tweede plek moet die mens oor al die skepsels regeer. Hy moet vir die diere name gee. Hy moet beheer uitoefen oor die visse van die see, die voëls van die hemel, al die vee en diere, ja, oor die hele aarde. In die derde plek moet die mens die skepping teen elke moontlike vorm van kwaad beskerm. Hy moet die tuin, sy woon- en werkplek, noukeurig oppas. So kan 'n mens vanaf die begin drie koninklike take onderskei: onderwerp, regeer en beskerm.

Wat is tiperend van die koning wat God in die paradys aangestel het?

Dat hy nie oppermagtig en onafhanklik is nie. Hy is feitlik 'n onderkoning in diens van die hemelse Koning. Hy moet volgens God se norme optree. In sy koningskap moet hy God se beeld wys, sy gesag bedien en verantwoordiging daarvoor doen. Solank hy hom aan God onderwerp en hom op God rig, is hy 'n waardige koning en hanteer hy sy koningsamp reg.

Doen hy dit nie, dan is hy 'n rebel in plaas van 'n koning. Dit het met die sondeval gebeur. Met sy rampsalige gevolge. Die mens wil hom nie langer onderwerp nie, maar wil alleenheerser wees. So gebeur dit dat die welsyn van die skepping aan die selfsug en magswellus van die mens opgeoffer word. Mense buit die skepping, ja, selfs hul medemense, vir hul eie gewin uit.

In hierdie wantoestand gryp Christus in. Hy betaal vir ons rebellie en herstel ons in ons oorspronklike amp. Ons mag en kan weer konings wees, onderkonings in diens van Christus. So kom die kultuuropdrag weer in visier. Ons mag weer leer om die aarde en alle skepsels namens God te onderwerp, te regeer en te beskerm. Hoe kom jou koningskap dan tot uiting? As jy as Christen wetenskap beoefen, dinge uitvind en ontwikkel tot eer van God, erken jy jou koningskap. Ons kinders word deur Christelike opvoeding en onderrig tot konings opgelei. Hulle word geleer om die aarde en alles wat daarin is, te onderwerp en te regeer tot eer van God. 'n Kind wat byvoorbeeld sy duur speelgoed mooi oppas, is 'n

klein koning. Ons leer weer om God se skepping goed op te pas. In die besef dat alles aan die Here behoort. Daarom sal ek nie ter wille van eie gewin die skepping op 'n onverantwoordelike wyse uitbuit nie. Ek sal 'n fyn balans soek tussen ontwikkeling en bewaring. 'n Christen-koning wat 'n besigheid bedryf, sal herken word aan die manier waarop hy met die skepping en met sy personeel omgaan. Dit sal vir hom nie net oor maksimale winste gaan nie. Hy sal die breër prentjie in ag neem en God wil eer in sy gebruik van die skeppingsgawes en van mense as skepsels van God. So toon ek myself as 'n koning wanneer ek in en rondom my huis orde skep. Volslae chaos pas nie by 'n koning wat in beheer is nie. Christene wat hul huis, hul geld en besittings goed bestuur, toon hulself as konings. So kan 'n mens kyk na alle terreine van die lewe, in kerk en samelewing. Op tallose maniere kan ons onself toon as konings in diens van Christus. Orals moet ons wys dat ons volgens God se norme en beginsels wil onderwerp, regeer en beskerm. Daarvoor sal ons voortdurend moet vra: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" En wat Hy wil, moet ek dan ook doen.

Wat ek tot nou toe genoem het, lyk dalk baie ideaal. Wie is daartoe in staat? As ek my daaraan meet, is ek maar 'n baie gebrekkige koning. Hoe dikwels skiet ek nie tekort in die bestuur van my huis, geld en besittings nie? Hoe dikwels tog word ek nie gelei deur selfsug in plaas van die begeerte om God in alles te dien nie? Uit eie krag sal ek die oorwinning nooit behaal nie.

Net deur die krag van die Here kan ek begin om reeds hier myself as koning te toon. As vrug van die lewensgemeenskap met Christus (die gemeenskap tussen die wynstok en die lote) het ek 'n werkgemeenskap met Hom. So kom sy werk in my steeds meer en meer tot uiting in die manier waarop ek as koning optree.

Selfbeheersing

Om weer as koning op te tree, begin nie in die breë samelewing nie, maar dit begin by onself. Dit begin met die positiewe eienskappe wat Paulus in Galasiërs 5:22 noem wanneer hy skryf: "Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikhed, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing." Al hierdie eienskappe wys dat jy in beheer van jouself en van jou situasie is. Jy is in beheer van jou gedagtes, gevoelens, woorde en dade.

Die mens is anders as al die ander lewende wesens. Waar die res van die lewende wesens almal optree volgens genetiese eienskappe en instink, gedrewe deur drange en hormone, is die mens veel meer. Die mens is geskep om sy genetiese eienskappe, drange en hormone te beheer. Na die sondeval is daar allerlei sondige drange wat ons in Christus weer in beheer moet kry. Daarom roep die Bybel voortdurend op tot selfbeheersing. Hier gaan dit nie net oor die beheersing van liggaamlike begeertes nie, maar ook oor die beheer van jou gedagtes, emosies en woorde.

'n Ware koning wil God met sy liggaam verheerlik. Omdat ons begeertes bedorwe geword het,

kan die dinge wat God vir gebruik en vir plesier aan ons gegee het, maklik oor ons gaan heers. Paulus moes daarteen waarsku toe hy geskryf het: "Alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie" (1 Kor. 6:12). Dis volkome geoorloof om te geniet van lekker kos en drank. Selfbeheersing bewaar jou daarvan om oordadig te eet en te drink, tot skade en tot skande. Daarin toon jy jouself as koning. Sommiges het nie geleer om hul liggame goed op te pas nie. Hulle pleeg roofbou deur nie betyds die nodige rus en ontspanning te neem nie.

'n Koning neem ook beheer oor sy seksuele gevoelens en verlangens. Jy laat jou dan nie deur jou drange dryf nie, ook nie binne die huwelik nie, maar jy neem leiding daaroor volgens God se norme. God waarsku voortdurend teen seksuele losbandigheid. "Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery; dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer, nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie" (1 Thess. 4:3-5). Die Christen-koning wys selfbeheersing nie net op die gebied van seksuele aktiwiteit nie, maar ook op die gebied van onkuise gedagtes, begeerlike blikke en suggestiewe woorde of dit wat 'n mens daartoe kan verlei. 'n Ware koning sal nie na films bly kyk en boeke of tydskrifte bly lees wat onreine gedagtes opwek nie. Hy sal sy hart bewaak "meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorsprong van die lewe" (Spr. 4:23). Hy sal van hierdie dinge wegvlug.

Ons emosies moet ook onder beheer gebring word. Daaronder val emosies soos bitterheid, woede, gekrenktheid, selfbejammering. As daardie emosies vrye teuels kry, skaad hulle nie net onself nie, maar ook ons verhouding met God en mense. Daarom lees ons in Spreuke 16:32: "Die lankmoedige is beter as 'n held; en hy wat sy gees beheers, as een wat 'n stad inneem." Om 'n stad in te neem, is kinderspeletjies in vergelyking met die worsteling om ons eie emosies te beheer. Die eerste kan in een dag bereik word, terwyl die laaste 'n lewenslange stryd blyk te wees.

Hoe kan ons dan in hierdie sondige wêreld selfbeheersing bereik? Dit begin deur jou deur Christus te laat beheers, deur jou aan sy heerskappy te onderwerp. Is jy bereid om Jesus Christus as Here van jou begeertes, gedagtes en emosies te erken? Gee jou dan oor aan Christus se gesag op elke gebied van die lewe.

Is ek 'n koning? In Christus mag ek weer koning wees, onderkoning in diens van my hemelse Koning. Deur Christus mag ek dit reeds hier en nou begin wys. In my persoonlike lewe. By die huis, by die skool of universiteit, ja, op die breë terrein van die maatskaplike lewe, wanneer ek die aarde en alles wat daarin is, volgens God se norme leer onderwerp, regeer en bewaar.



KERKNUUS

Elna de Bruijne

KERKNUUS

Kerknuus is 'n nuwe rubriek, wat sal poog om kerklike en kerkverbandelike nuus uit die binne- en buiteland aan te bied met die oog op byvoorbeeld nuwe gemeentes, beroepe wat aangeneem is, sinodes, doktorske proefskrifte, en dies meer. Deur middel van hierdie rubriek wil ons probeer om die lesers te laat saamleef met die gebeure in ander gereformeerde kerke in die wêreld.

Australië *Korrespondent : Ds. Mendel Retief*

Op 1 Julie 2007 is die Free Reformed Church of Baldivis geïnstutueer. Dit is die 13de gemeente binne die kerkverband van die FRCA. Die gemeente is tans vakant.

Kanada *Korrespondent : Prof. Arjan de Visser*

Die jaar 2007 was 'n jaar van groei vir die **Streetlight-evangelisasieprojek** in Hamilton, Kanada. 'n Hoogtepunt was die toelating van nege volwasse lidmate tydens 'n erediens op 25 November 2007.

Sowat tien jaar gelede het die Canadian Reformed Churches ('n susterkerk van die Vrye Geref. Kerke) evangelisasiewerk in Hamilton begin met die aanstelling van 'n voltydse evangelis, br. Richard Bultje. Samekomste is belê in 'n gebou in die ou sentrum van Hamilton (die sogenaamde "downtown area"). Die omgewing het 'n agterbuurt karakter, en baie van die bewoners het sosiale en ander probleme.

Aanvanklik is samekomste slegs op Sondagaande gehou. Die prediking is waargeneem deur br. Bultje en predikante van omringende gemeentes. 'n Verskeidenheid van aktiwiteite is ontwikkel, bv. Bybelstudie vir volwassenes op Dinsdagaande, jeugwerk op Woensdae, en vroue-Bybelstudie op Donderdagnmiddae. Baie van hierdie aktiwiteite is georganiseer en gedra deur lidmate van die gemeentes in Hamilton, Ancaster en Burlington.

Die Here het die werk geseën en stadig maar seker het mense van die sentrum-area tot geloof gekom en by die gemeente aangesluit. Namate daar meer mense vanuit die sentrum-area self aangesluit het, het dit ook moontlik geword om eredienste te belê op Sondagoggende.

In 2006 is ds. Paul Aasman beroep as 'n voltydse sendeling. Met twee voltydse werkers in die veld kon daar in 2007 met krag gewerk word. Die Here het die verkondiging van die evangelie geseën en die toelating van nege nuwe lidmate in November 2007 was 'n feestelike geleentheid.

Meer inligting oor die *Streetlight*-projek is beskikbaar op www.ancasterchurch.on.ca/streetlight.

Nederland *Korrespondent : Ds. Axel Hagg*

Beroepe aanvaar:

- Ds. H Pathuis van Oldehove na Spakenburg-Noord.
- Ds. R Kelder van Nijkerk-West na Bunschoten-West.
- Ds. HJ Lopers van Nieuwegein na Langerak-Hardinxveld-Giessendam.
- Ds. P van den Berg van Veendam na Staphorst.
- Ds. JM van Leeuwen van Spakenburg-Zuid na Ede-Zuid.
- Kandidaat PRG de Coster na Gent (België).
- Preekbevoegdheid is verleen aan drs. JM Beute.



Ds Aasman (regs) met lidmate van die Streetlight-gemeente

Predikante oorlede:

- Ds. D Berghuis is op 24 November 2007 op 82-jarige ouderdom oorlede.
- Ds. SS Cnossen is op 3 Desember 2007 op 89-jarige ouderdom oorlede.

Algemene nuus:

- Die Nederlandse departement van onderwys het die subsidie-aanvraag van die Teologiese Universiteit van die GKV in Kampen (TUK) afgewys. Die Universiteit het beswaar gemaak en is in gesprek met die departement. Die subsidie beloop ongeveer 1 miljoen euro (50% van die totale jaarbegroting van die TUK).
- Die sinode van die Christeljk Gereformeerde Kerken (CGK) in Nederland het besluit om nie meer verder te gaan met die federatiewe groeimodel om kerklike eenheid te vorm met die GKV nie. Wel word plaaslike CGK-gemeentes toegelaat om onderling saam te werk met naburige GKV-gemeentes.
- Gesprekke tussen die GKV en die Nederlands Gereformeerde kerk (NGK) verloop volgens die meerderheidsrapport van die deputate "Kerkeljkke samensprekingen" goed. Onderlinge verskille oor die gebruik van die belydenisgeskrifte is bygelê. Die minderheidsrapport deur twee lede van die deputaatskap wys egter op die teenoorgestelde, omdat binne die NGK vroue in die amp asook verhoudings tussen homoseksuele lidmate toegelaat word.

- Die sinode-deputate "Dienst en Recht" (Dep. D&R) het n.a.v. hul ondersoek bekend gemaak dat die GKV ingrypend verander het. Die eenvormigheid waarvan vroeër sprake was, het vir 'n groot deel verdwyn. Volgens die Dep. D&R het daar 'n paradigmaverandering binne die GKV plaasgevind van "verstand" na "gevoel." Kerkmure is daarom vir die meeste lidmate nie meer belangrik nie.

Suid-Afrika

Die volgende **sinode** sal so die Here wil plaasvind van 12 tot 16 Mei 2008 te Kaapstad.

Kerkverbandelik Administrateur: br. AW Herder te Johannesburg

Sinodale Kwestor: br. FJ van Dijk te Pretoria

Beroepe uitgebring:

- ds. TJ de Boer as 3de sendeling (en aanvaar) deur die VGK te Pretoria-Maranata.
- ds. DM Boersma as 4de sendeling (en aanvaar) deur die VGK te Pretoria-Maranata.
- ds. P Nel deur die VGK te Pretoria.

DIE GEVREESDE KANKER VAN SUINIGHEID

Jan de Mooij

ELDERS GELEES

Oral in die wêreld waar sending gedryf en nuwe gemeentes gestig word, geld 'n onwrikbare sending-beginsel, die sogenaamde "drie-selfs"-beginsel. Dit stel voor dat 'n nuwe, geïnstutueerde gemeente eerstens **self-regerend** is (nie aan sinodale gesag of die gesag van 'n ander kerk nie, maar aan Christus alleen onderwerp is), tweedens **self-verspreidend** (evangeliserend) besig is en derdens **self-onderhoudend** is.

Onder missioloë het die klem die afgelope ongeveer 200 jaar veral

op die laaste beginsel geval. Ook in ons eie sendingwerk in Suid-Afrika plaas ons nadruk hierop: 'n kerk moet nie op lang termyn afhanklik wees van die (finansiële) hulp van ander nie.



Om dit te verhoed, word daar baie klem gelê op die offervaardigheid van lidmate in die sending-gemeentes, verkieslik so vroeg as moontlik in die kerkplantingswerk. Ons wil verhoed dat nuwe, hulpbehoewende kerke afhanklik raak van die mededeelsaamheid van broeders en susters uit ander kerke. Die vrees is dat daar 'n ongesonde wisselwerking geskep word wanneer ons die nuwe, ontwikkelende sendinggemeentes voorsien van fondse bo hulle eie vermoë.

Daardie "afhanklikheidsvrees" word kragtig teengesprek in 'n artikel van ds. John Rowell in **Christi-*nity Today***, Oktober 2007, waaruit ek hieronder vry aanhaal :

Die veronderstelling van die "afhanklikheidsvrees"-denkskool is dat die werk van Christus beter gedien sal word wanneer sending-gemeentes op hulle eie bene staan, met watter hulpbronne ook al beskikbaar is in hul plaaslike gemeenskappe. Hulle word aangemoedig om 'n gesonde weerstand te ontwikkel teen die ontvangs van fondse van buite, en skenkers uit die Weste word aangemoedig om terughoudend te wees by die aanbidding van hulp.

Hierdie boodskap word deur baie verstaan as 'n algemene oproep om "nie te gee nie" – die eenvoudigste manier om die veronderstelde gevare van afhanklikheid te ontwyk. Die vraag wat gevra word is: hoe kan ons as ware rentmeesters optree en met vrymoedigheid skenk aan behoeftige medegelowiges, maar in die proses nie 'n ongesonde afhanklikheidsverhouding skep nie? Dit is te eenvoudig om as antwoord hierop te kies om dan maar "glad nie te gee nie". In 'n wêreld waar 3 miljard mense oorleef op minder as \$2 per dag, en waarvan baie nog nie deur die evangelie bereik is nie, kan ons nie die Bybelse oproep om mildelik ons gawes uit te deel, ignoreer nie.

In die Suid-Afrikaanse konteks is die nood net so dringend: groot armoede heers onder die gemeenskappe wat juis die Blye Evangelie moet hoor - hoe kan ons anders as om ons geld te skenk vir hierdie doel? Ds. Rowell haal enkele vooraanstaande sending-leiers in die VSA aan, wat waarsku teen die "gevreemde kanker van afhanklikheid". Vanuit hierdie denkskool behoort juis self-

onderhoud, en nie hulp van buite nie, die antwoord te wees op die probleem van wêreldwye armoede. Daar word beweer dat die waardigheid aangetas word van hulle wat hulp ontvang, dit word beskou as 'n soort "aalmoes" wat mindergegoede mense in hul ontwikkeling beperk en hul lewens besoedel.

In teenstelling hiermee bied ds. Rowell die perspektief wat Paulus op hierdie saak gee: *Soos die apostel in 2 Korinthiërs 9:8-14 skryf, is vrygewigheid nie 'n bedrieglike gevaar nie, maar 'n belangrike onderdeel van die wisselwerking wat hoort by Gods Koninkryk. Dié wat hulp ontvang, sal nie alleen hul materiële behoeftes laat bevredig nie, maar hulle sal boonop dankbaar wees en hulle verheug oor God se genade. Hulle sal die Here prys. Hulle sal bid vir die skenkers wat hulle gehelp het. Hulle sal meer verbonde voel met die liggaam van Christus, vanweë die verligting wat hulle ervaar deur die vrygewigheid van hul geestelike broeders en susters.*

"God maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees"

Paulus bied Christene 'n verrassende belofte: "God maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees". Hierdie vers is van toepassing op sowel rykes as armes, en ons moet aanvaar dat gedeelde rykdom een manier is wat God gebruik om armer geloofsgenote tot welvaart te bring - sodat hulle op hulle beurt mededeelsaam kan wees. Soos Jesus Self dit aan sy dissipels stel: "Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee". (Matthéüs 10:8)

Ds. Rowell gebruik hierdie Bybelse perspektief om aan te toon wat God se plan is vir sy kerk van alle tye, alle kulture en alle ekonomiese vlakke van die samelewing. Hy erken die gevare van afhanklikheid, maar waarsku dat ons te versigtig geword het in die uitlewing van ons mededeelsaamheid:

Vanuit hierdie Skriftuurlike perspektief behoort ons die oproep om ons mededeelsaamheid te beperk, nie al te maklik te aanvaar nie. Na my mening het "afhanklikheidsvrees" die kerk daartoe gedryf om te veel tyd en energie te spandeer aan die verduideliking waarom ons minder moet gee, terwyl ons tyd moes spandeer het aan die vraag hoe ons meer kan gee.

Ek erken dat afhanklikheid 'n gevaar is in enige verhouding van onewe rykdom en mag. Histories gesien is een oorsaak van ongesonde afhanklikheid te wyte aan die Westerse veronderstelling dat, omdat ons dikwels ryker is, ons meer waardig is om gesagsposisies te beklee. Hierdie veronderstelde verbinding tussen skenker en regeerder is 'n unieke, Westerse bydrae tot die afbrekende wisselwerking van afhanklikheid.

Hierna gaan ds. Rowell voort deur 'n beter model tot sendingsame-werking voor te stel, aan die hand van 'n meer interafhanklike benadering. In hierdie model voeg welvarende kerke hulle materiële hulpbronne by die geestelike hulpbronne van die armer kerke, byvoorbeeld in die sendingswerk op 'n derde terrein. Op hierdie manier word al die moontlike bydraes van al die vennote die beste saam-gevoeg in die werk in God se Koninkryk:

Van broeders en susters wat toegewyd is om die pad van die geloof saam te stap, word verwag

dat hulle verby hulle eie behoeftes na die belange van ander sal kyk (Filippense 2:3-4). Hulle bestuur die gesamentlike materiële hulpbronne as rentmeesters en in mededeelsaamheid. Hulle koop en besit nie as 'n lewenswyse nie, maar deel uit so veel soos hulle kan en so gereeld soos hulle kan. Vrygewigheid is daarom 'n manier van God om sy seënige te vermenigvuldig, soos dit in hierdie Skrifgedeelte die geval was.

“Vrygewigheid is nie ‘n bedrieglike gevaar nie, maar ‘n belangrike onderdeel van die wisselwerking wat hoort by Gods Koninkryk”

Ds. Rowell sluit af deur nogmaals te wys op die groot verantwoordelikheid wat kerke wat ryk geseën is met finansiële en ander hulpbronne, het teenoor die broeders en susters wat nie hierdie hulpbronne ontvang het nie. Ons

moet ook bereid wees om te aanvaar dat daar by hulle 'n hartlike wil is om self-versorgend te wees, maar dat die moontlikhede soms ontbreek:

Hulle is ten slotte nie 'n bende bedelaars nie, maar ons broeders. Hulle soek geen aalmoese nie, maar wapens om die goeie stryd van die geloof mee te stry. Hulle verwag nie dat ons hulle welsynswerkers sal wees nie, maar hulle wil ons bondgenote wees.

In die spanning wat daar bestaan tussen die aanmoediging tot mededeelsaamheid en die ontmoediging van afhanklikheid, moet ons onderskei tussen dit wat ons moet aanleer en dit wat ons moet afleer om effektiewe medewerkers in God se sending-werk in die wêreld te wees. Uiteindelik hoef daar geen verwarring te wees oor waar God in hierdie saak staan nie. Sy standpunt staan duidelik in die

Skrif. So lief het God die wêreld gehad dat Hy gegee het – en so moet ons ook doen.

Ds. John Rowell is voorsitter van Ministry Resource Network, 'n Amerikaanse sendingsorganisasie aktief in Bosnië, Kroasië en Sibirië. Hy is kerkplanter en predikant met 30 jaar ervaring in die sending, en skrywer van die boek “To Give or Not to Give: Rethinking Dependency, Restoring Generosity, and Redefining Sustainability (2007)”.

Jan de Mooij is 'n lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata en het 'n aktiewe belangstelling in die sending, onder andere vanweë sy betrokkenheid by die Sendings-kommissie van hierdie gemeente..

MY BEROEP: GENADE EN GEHOORSAAMHEID

Prof Hans Boon

LEER EN LEWE

In 'n vorige artikel het ons gesien dat ons sewe dae van die week in diens van God lewe. Verder dat ons 100% van God se genade afhanklik is en dat dit ook 100% noodsaaklik is vir ons heil dat ons goeie werke doen. Ek wil graag verder hierop uitbrei.

Vrae

Ek het in die vorige artikel gevra: Hoe kan ons werke wat vol sondes

is, blywende betekenis hê? Ons kan tog, wanneer ons voor God se troon verskyn, alleen op grond van Christus se lyding om genade pleit? Word ons dus voor God se regterstoel geoordeel en beoordeel waar ook ons werke in berekening gebring word? Beoordeel God ons werke? Moet ons goeie werke deur die vuur getoets word? Kom ons probeer hierdie vrae te beantwoord.

Word ons werke deur God beoordeel?

Die vraag is dus of my goeie werke iets met my saligheid te doen het. Is dit nie uit genade nie? Calvyn praat van tweevoudige genade: dié wat regverdig maak of die vergewing van sondes asóók die heiligmaking of vernuwing van ons lewe. Calvyn sê dat ons heiligmaking, wat dus deur God beoordeel word, 'n proses is wat

lank en moeisaam is. Ons is voortdurend in 'n "krygsposisie". Die Gees maak dat ons die oorhand kry, hoewel daar baie kere se val en opstaan is. **Maar** daar is voortuitgang: Ons sterf hoe langer hoe meer die sondes af (HK antwoord 70), ons vernuwe steeds (HK antwoord 115) en ons onderwerp ons steeds meer aan God (HK antwoord 123). Daar is dus kontinuïteit in ons vernuwing deur die Gees van God, hoewel ons ons lewe lank 'n stryd sal voer teen die duiwel en ons sondige self. Weliswaar praat die Kategismus van 'n klein begin. Dit is egter daar! Ons vernuwing is deel van ons bekering. Die Kategismus druk dit egter nog sterker uit: die woorde "**beloning** van ons goeie werke" word gebruik (HK antwoord 63). Die vernuwende werk van die Heilige Gees, waarin ons aktiewe verantwoordelikheid 'n rol speel, word as belangrik beskou en dus deur God beoordeel. Om dus te sê dat dit net alleen Christus se genade is wat in ag geneem word, is gewoon nie waar nie. Die uitwerking van die genade in ons lewe word ook deur God in ag geneem. Ons beroep, dit wat ons elke dag van ons lewe doen, word dus voor God se regterstoel beoordeel en geoordeel met die oog op ons ewige LEWE of ons ewige STERWE. Wat ek dus elke dag in my beroep doen, wat ek sê, wat ek besluit, wat ek doen met my hande en verstand, ja, met alles wat ek het, is LEWENSNOOD-SAAKLIK vir die moment wanneer God my beoordeel en oordeel. My beroep is dus my Godsdiens of my godsdiens.

Het ons werke blywende betekenis?

In 'n boekie wat onlangs in die reeks "Woord en Wereld" verskyn het en geskryf is deur dr. AN Hendriks ("Luisterend naar de Heilige Geest") is daar 'n hoofstuk wat op 'n baie insiggewende

manier op hierdie vraag ingaan. Die titel van die hoofstuk is: "Ons goeie werke en God se toekoms" (eie vertaling). Paulus verseker ons dat ons werke in die Here nie tevergeefs is nie (1 Kor 15:58). In Openbaring 14:13 sê die Gees dat die werke van hulle wat in Christus sterf, hulle sal navolg. Ons werke het dus blywende waarde. Die beroep wat ons beoefen, is blywend en sal nie te gronde gerig word nie. Ons sing en bid ook in Psalm 90: "Bevestig tog ons werk in ewigheid". Ons weet mos dat God hierdie gebed deur Christus sal verhoor as ons in die geloof daarvoor bid. Die woorde "bevestig ons werke" beteken soveel as dra ons werke deur, mag daar kontinuïteit wees, laat dit nie ten onder gaan nie. In Openbaring 14:13 word ook gesê: "...salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hulle arbeid, en hulle werke volg hulle na". Hierdie betekenis het dus 'n groot implikasie vir ons werk, ons beroep van elke dag. Ons beroep het dus ewigheidswaarde. Dus, of ek nou 'n huisvrou is, 'n student of 'n kantoor- of bouwerker, al die beroepe van die mense het ewigheidswaarde. Natuurlik is daar beroepe wat weens die inherente sondigheid daarvan by voorbaat nie ewigheidswaarde het nie. Daarvoor gaan dit dus nie.

Kontinuïteit

Die woord is al 'n paar maal hierbo gebruik. Wat beteken dit? Dat daar 'n verlenging is van ons hedendaagse bestaan na ons ewige bestaan. As ons sterf, gaan ons werke nie verlore nie. Die Bybel leer (1 Kor.3 e.v.) dat ons werke, dus ons beroep, op die fondament Christus gebou moet wees. So sal dit beoordeel en geoordeel word. "Elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar

gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is" (1 Kor. 3:13). As ons beroep dus nie op die fondament Christus gebou is en goeie werke lewer nie, dan gaan dit vir ewig verlore. As dit egter op Christus gebou is, dan word ons werke in die hemel ingedra. Hoe ons ons dit moet voorstel, is moeilik om onder woorde te bring. Dit is nie eksplisiet vir ons in die Bybel geopenbaar nie. Dat ons egter nog met ons goeie werke, ons goeie beroep, in die hemel en op die nuwe aarde sal besig wees, daarvoor gee die Bybel ons rigting. Dit is die belofte wat die Here aan sy kinders gee.

Die loon op ons werk

Die loongedagte is sterk en duidelik in die Bybel. JL de Villiers stel dit so: "Die loongedagte is 'n integrale deel van die evangelie, want God belooft daarin loon". Die Here Jesus sê: "Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele...." (Matt 5:12). Paulus sê ook: "As iemand se werk bly staan.....sal hy loon ontvang" (1 Kor 3:14). Die komende Christus sê dat sy loon by Hom is, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees (Openb 22:12). Daar is dus 'n verwantskap tussen ons geloofswerk (dus ook ons beroep) op aarde en ons loon wat volgens God se belofte op ons wag. Ons werk in die geloof het dus ongetwyfeld betekenis vir die heerlijkheid van God waarvan ons deel sal wees. Is dit nie 'n wonder van God nie! Hoe ryk het Hy ons met 'n roeping bekroon!

Hoekom praat die Bybel oor loon en vergelding? Dit is nie om ons die idee te gee dat ons iets kan verdien nie. Ons beërwe die Koninkryk nie op grond van wat ons gedoen het nie. Die Bybel en die Gees wil ons motiveer en bemoedig om getrou kwaliteitswerk te lewer, volgens elkeen se vermoëns. Openbaring 2:10

sê: "Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee" Calvyn sê God het vanweë ons traagheid aan ons die aansporing gegee, sodat ons sekerheid het dat ons werk, dus ook ons beroepswerk, nie tevergeefs is nie.

Samevatting

* God het ons op hierdie aarde gestel om te werk en te bid - om as onderkonings en rentmeesters met sy skepping besig te wees. Dit is ons roeping en ons beroep.

* God vra dat ons in ons roeping en ons beroep in die lewe op aarde altyd alles op Hom moet betrek, altyd op Hom gerig moet wees. Dit

moet gebou wees op Christus en gerig word deur die Heilige Gees.

* Daar is 'n tweevoudige genade: die wat regverdig maak of die vergewing van sondes én die heiligmaking en vernuwing van ons lewe. Ons beroep en roeping staan direk in verband met altwee.

* Ons beroep en roeping het in Christus blywende betekenis.

* Daar is kontinuïteit tussen ons beroep en roeping op aarde en die hemel en die nuwe aarde.

* God beloon ons elkeen na sy eie aard volgens sy beroep en roeping.

Verwysings

Hendriks, AN ***Luisterend naar de Geest, populair-theologische bijdragen***. Bedum. *Woord en Wereld*, 2007.12.20

De Villiers, JL ***Die Loongedagte in die Nuwe Testament***. Den Haag, 1957 (soos aangehaal deur AN Hendriks)

Prof Hans Boon is lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk te Johannesburg en dosent aan die Universiteit van Pretoria.

FILM-ANALISE

Alex van Houwelingen

KUNS EN KULTUUR

Dit is geen geheim dat films in die Christelike wêreld nie 'n baie goeie naam het nie. Die bioskoop word deur baie mense as 'n plek gesien waar Christene nie behoort te kom nie. Dit is 'n kykie in die wêreld, daar word baie gevloek en dit beïnvloed (die jeug se) lewenstyle. Hierdie argumente word dikwels by die intrapslag van 'n bespreking oor films gebruik, met die gevolg dat die bespreking vinnig beëindig word. Die gevolg daarvan is dat daar bitter min diepgaande besprekings van films in Christelike (of Gereformeerde) lektuur en gesprekke voorkom.

Die feit bly egter staan dat films baie populêr is. Hierdie populariteit het egter geen geloofsgrense nie en, of 'n mens dit wil of nie, in ons kerkverband word daar nie werklik minder na films gekyk as elders nie. Die noodsaak van 'n meer volledige bespreking van films blyk dus duidelik.

Die doel van hierdie artikel is om die noodsaaklikheid van Christelike film-analise of -kritiek aan te toon en 'n geskikte model hiervoor te gee. As hoofbron maak

ek gebruik van prof. dr. B Kamphuis se artikel in *De Reformatie* (14 April 2007) getiteld *De Matrix Code*. Kamphuis stel dat die standpunt dat alle films per definisie sleg is en ons as Christene hiervan moet wegbly, moeiliker raak om te verantwoord indien daar gerealiseer word dat ons lewe in 'n wêreld waar films 'n groot rol speel in die werklikheidsbeleving van mense. Hy pleit hiermee vir 'n Christelike manier van film-analise.

Christelike film-analise sal egter altyd gepaard gaan met die bespreking van die alomteenwoordige godslastering in die meeste films. Daar is talle Bybeltekste en aanhalings uit die kategismus wat aantoon dat dit 'n werklike opdrag is om weg te bly van films waarin daar godslastering (d.i. bespotting of ydele gebruik van die Naam van God asook die verdraaiing van die geloofsfeite) voorkom:

Psalm 139 vers 19-22:

*19 O God, as U tog maar die goddelose wou ombring!
En julle manne van bloed, gaan van my af weg!*

20 *Hulle wat arglistig teen U spreek, u Naam ydellik verhef—u teëstanders!*

21 *HERE, sou ek dié nie haat wat vir U haat, en 'n afsku hê van die wat teen U opstaan nie?*

22 *Ek haat hulle met 'n volkome haat; vyande is hulle vir my! "*

Dit is duidelike taal. Dit is ook baie belangrik om hierdie aanhaling altyd voor oë te hou tydens die kyk na of die bespreking van films. Verkieslik selfs vóór die besigtiging van 'n film.

Maar beteken dit dan dat die veld van film-analise vanuit 'n Christelike perspektief hiermee afgehandel is? Dit sou na my mening jammer wees, omdat daar dan net een aspek van films (wat ook van toepassing is op enige godslastering, nie net in films nie) bespreek word. Verder is dit helaas 'n feit dat die aantrekkingskrag van films en televisie nie ons kerk verbygegaan het nie. Verder kan die beperking tot hierdie aspek tot gevolg hê dat mense dink dat films waarin daar nie gevloek word nie, per definisie reg is om na te kyk. Die persoon kyk dan sonder kritiese kykvermoë na 'n film. Dit kan nogal gevaarlik raak.

Dit sal dus goed wees om, sonder om die etiese aspek wat eerder aangedui is uit die oog te verloor, 'n film se verhaal, formalistiese eienskappe en dieper betekenis krities vanuit 'n Christelike oogpunt te bespreek. Prof. dr. Kamphuis stel [vry vertaal]: *"Hierdie vraag [mag ons na 'n film kyk, ja of nee?] is moralisties van aard (asof daar ten alle tye 'n algemeen geldende antwoord moontlik is) en beperk hom meestal tot enkele kriteria (taalgebruik en erotiek). Miskien is dit so dat die een Christen moet kyk na 'n film waarvan die ander een ver weg moet bly, terwyl daartussen 'n groot veld van Christelike vryheid lê. Ons verantwoordelikheid is verskillend en juis die analise van verskillende aspekte van films help ons om konkreet ons verantwoordelikhede na te kom."*

'n Goeie model om films Christelik te analiseer, bestaan uit 'n paar fasette, aldus Kamphuis. Eerstens moet daar besef word dat films nie bloot vermaak is nie, maar dat dit een van die mees gewilde en kragtige maniere is om sekere gedagtes by 'n massa mense oor te dra. Dis geen wonder dat Hitler se Nazi-ideale dikwels deur films aan die volk oorgedra is nie... Verder moet films as medium ook verstaan word, naamlik dat films van geweldig baie sintuie gelyktydig gebruik maak en daarom 'n groot invloed op 'n mens kan hê. Dit is dus moontlik dat die verhaal self, die beelde wat 'n mens te sien kry, die dialoog, die musiek, die kamera-hoeke en alle ander

onderdele van films, 'n sekere boodskap herberg. Om orde in hierdie chaos te skep en 'n struktuur te maak waarvolgens films krities en volledig geanaliseer kan word, kan die volgende model handig gebruik word. Dit is gebaseer op 'n paar vrae:

1. Psigiese aspek: wat voel of beleef ek as ek na die film kyk?

Byvoorbeeld: In baie films is daar 'n sekere hoeveelheid erotiek (dit is die SN in die ouderdomsbepanking) wat na vore kom. Hoe voel die kyker as hy dit sien? Voel hy deel van die seksuele daad wat op die skerm plaasvind? Dan word hy dus passief deel van die daad wat slegs vir twee mense en binne die huwelik bedoel is. Die ouderdomsbepankings wat op 'n film aangedui word, het te doen met hierdie aspek, omdat Geweld, Seks, Naaktheid, Taal en Vooroordele – dit is die kriteria wat in beperkings geld – die kyker altyd op hierdie manier sal beïnvloed.

2. Analitiese aspek: wat leer ons deur die film van die wêreld (bv. gedagtes, sentiment, tydsges, ensovoorts)?

Byvoorbeeld: In baie animasiefilms, soos veral dié van Disney, kom 'n baie sterk boodskap deur dat elke mens sy eie lot moet bepaal. Dikwels sien 'n mens dan die 'underdog' wat op 'n sekere reis (beide fisies en geestelik) gaan en dan daaruit leer dat elke mens voluit moet lewe en in beheer van die situasie moet bly. Die kyker 'leer' dan dat hy die lot in sy eie hande het. Hierdie analitiese aspek kom in elke film geweldig sterk deur, en is krities belangrik vir 'n volledige ontleding van 'n film.

3. Sosiale aspek: watter norme met betrekking tot mense se behandeling van mekaar word in die film hanteer?

Byvoorbeeld: In die film *Gladiator* word twee sosiale aspekte aangeraak: die belangrikheid van familie ('n nuwe tendens in films) en die reg op wraak teen almal wat iets aan die familie doen. Die karakter in die film is vernietig deur die verlies van sy familie, maar neem dan wraak op die daders. Die kyker van die film hoop op natuurlike wyse dat sy wraak suksesvol sal wees.



4. Estetiese aspek: watter stylmiddele word gebruik in die film en met watter rede (d.i. kamera-hoeke, ensovoorts)?

Byvoorbeeld: In *The Matrix* moet Neo 'n keuse tussen 'n rooi en 'n blou pil maak. Hierdie keuse staan in 'n mate simbolies vir alle keuses wat die mens moet maak om sy lot te bepaal. Om die impak hiervan te versterk, word beide pille in een kameraskoot gewys deur elkeen te laat weerkwaats in die sonbril van Morpheus: die een op die linkerglas, die ander een regs (sien illustrasie). Dit demonstreer op dramatiese wyse dat die keuse wat Neo moet maak, bepalend gaan wees vir sy lot.

5. Etiese aspek: watter morele keuses word in die film gemaak en hoe word dit in die film benader?

Byvoorbeeld: Word egbreuk goedgekeur? In baie sogenaamde "chick-flicks" (romantiese komedies wat afspeel in 'n hoërskool of kollege) word maagde as sosiale uitwerpsels gesien en word hulle belaglik gemaak. Die karakters maak 'n 18-jarige maagd belaglik, omdat sy nog nooit seksuele omgang gehad het nie. Gesien die teikengroep van hierdie films (hoërskoolleerlinge, veral meisies), moet 'n mens baie versigtig wees vir sulke films. Voorhuwelikse seks word geleidelik as normaal in die kykers ingeprent, met die gevolg dat baie tieners al vroeër 'n seksuele behoefte het en baie druk ondervind om seksueel aktief te wees.



(rooi pil links, blou pil regs)

6. Spirituele aspek: hoe word geloof en spiritualiteit in die film duidelik?

Byvoorbeeld: *The Matrix* is 'n film waarin allerhande verskillende gelowe in mekaar verweef word om dit te laat ontspruit as 'n New Age-uithangbord. Sekere simboliek van die Christelike geloof word baie sterk gebruik, byvoorbeeld die 'stad van vrede' in die film se naam is Zion. En die hoofkarakter, Neo, laat 'n mens sterk dink aan 'n Messias-figuur, terwyl die sogenaamde "Architect" van *The Matrix II* en *III* nie ver afwyk van die populêre beeld van God as die "puppeteer" nie.



Ander derglike vrae kan addisioneel bedink word om die film-analise meer volledig te maak. Indien hierdie model gebruik word in die bespreking van een film, kan die verskillende lae waaruit die film bestaan, in sy geheel verstaan word. Dit sal ook sorg dat ons meer bewus na films kyk en baie goed verstaan dat 'n film meer is as net 'n-uur-en-'n-half se tydverdryf.

Ons het 'n verantwoordelikheid om hedendaagse populêre kultuur krities te bekyk. Hopelik maak hierdie model dit makliker om in die chaos van populêre kultuur orde te skep en dit vanuit ons Christelike oogpunt te analiseer.

Alex van Houwelingen het in 2006 'n graad in Inligtingsontwerp en Visuele Kommunikasie aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Hy is tans werksaam as 'n vryskut-illustreerder en -'cartoonist'.

Die tema's wat volgende in KOMPAS bespreek gaan word:

Maart : Ons keuses vandag : tot in die 3de en 4de geslag

TERUG IN SUID-AFRIKA

Onderhoud met ds Dirk Maurits Boersma

Herbert Begemann

ONDERHOUD

Ds Dirk Maurits Boersma (tans leraar van die Emmanuel American Reformed Church in Denver, VSA) is in 2007 deur die VGK Pretoria-Maranata as sendeling beroep. Hy en sy vrou Rinette hoop om DV vroeg in 2008 hier aan te kom. Ds Boersma is nie 'n vreemdeling in Suid Afrika nie. Hy was tussen 1996 en 2003 reeds as sendeling werksaam te Soshanguve. Wat wel anders is, is dat hy intussen getroud is met Rinette en dat hulle as egpaar daarna uitsien om saam aan die opbou van die kerk van Christus in Soshanguve te werk.

1. Wat was u en u vrou se reaksie toe u die beroep uit Suid Afrika ontvang het?

Die versoek van die beroepingskommissie in 2006 of ons 'n beroep sou oorweeg, het ons reeds op die moontlikheid voorberei. Ons het egter besluit om ons volledig toe te spits op ons taak in Denver. Toe die beroep gekom het, was my gedagte: Nou is dit realiteit. Nou kan ons dit ernstig oorweeg. Dit was 'n ongewone idee om na dieselfde plek terug te gaan, maar die noodsaak was duidelik en ek dink ek kan my gawes beter in die sending gebruik, veral omdat die kontak met ongelowiges in die sending nie 'n bykomende taak is nie, maar die hoofsaak. Ek is bly dat ons dit hierdie keer as egpaar saam kan aanpak.

2. Waarom lê die sending u so na aan die hart?

As kandidaat het dit my aangetrek om met die basiese evangelie besig te wees en dit vir mense te vertel. Ek het dit baie geniet om eenvoudig Christus te bring. Ek dink nog altyd Hy moet die hoofsaak wees. Die hele evangelie, die hele Bybel, het Hom as middelpunt. Dit is wonderlik om ander mense van Christus te vertel, omdat Hy jou vrymaak van sonde, van jou eie denkbeelde, van groepsdruk, en jou voor God plaas sonder enige bande. As sendeling deel jy dikwels in mense se aanvanklike vreugde en entoesiasme wanneer hulle Christus ontdek. Ek dink die bestaande kerke het dit nodig om dié vreugde by nuwe bekeerlinge te sien en daarin te deel. Dit help ons almal om Christus as die sentrum voor oë te hou en vanuit Hom al die dinge waaroor ons dink, te benader. Daarsonder bestaan die gevaar dat jy jouself met jou ryk Gereformeerde tradisie beter ag as ander mense wat nie soveel weet of nie so lank die Here gedien het nie.

3. O bolela Sepedi na?

Tot my verbasing het dit nie verdwyn nie. Tydens ons huweliksreis (Maart verlede jaar) kon ek weer lekker met die mense van Soshanguve WW gesels. Dis seker omdat Sepedi heeltemal anders is as die ander tale wat ek geleer het. Ek dank die Here vir die taalvaardigheid. Rinette het verlede maand begin om Sepedi te leer deur dieselfde taalkursus as wat ek by Tukkies gevolg het. Dis baie grappig om haar skielik in Sepedi te hoor praat, so versigtig: 'Ke a go rata'. Dit klink goed! Ek wil self graag die taal verder bestudeer, sodat taal nie die bring van die evangelie verhinder nie.

4. Wat is u raad om kultuurverskille te oorbrug?

Christus wys ons dat jy nie moet dink dat jy beter is as ander mense vanweë jou velkleur, jou ervaring, of jou kennis nie. Nederigheid oorbrug die verskille. Die verskille is nie self die probleem nie, maar wat ons daarmee doen. Histories het die superioriteit van die blanke ras en die angs vir die swart meerderheid probleme veroorsaak. Vir swart mense is die versoeking om te begin 'demand'. Dit blyk duidelik uit die ontevredenheid onder ANC ondersteuners. Net nederigheid in navolging van Christus kan hierdie probleem oorwin. Christus het Homself verneder en het arm geword om ons te red. Jy moet vertrou dat Hy in alle opsigte vir jou sal sorg (en dit is die evangelie: Hy het dit al klaar gedoen en sal dit bly doen) en deur jou nederigheid kan Christus se liefde die harte van ander mense bereik en die egoïsme, hoogmoed en angs wegneem.

5. Klop ons harte warm genoeg vir sending?

Ek voel dat die betrokkenheid toegeneem het. Dit mag klein lyk, maar net die feit dat die gemeente van Maranata self die inisiatief geneem het om geld bymekaar te maak om 'n vierde sendeling te beroep, is vir my 'n goeie teken. Wie anders as die Here is dit wat julle harte vir die sending warm gemaak het?

Ek sou betrokkenheid verder wil bevorder deur twee dinge te doen:

Eerstens, raak onder die indruk van die evangelie. As ons weet dat ons almal gelyk is in ons sonde en verlorenheid, sal ons almal wat deur Christus gered is, aanvaar. Dan is daar geen blank en swart meer nie.

En wanneer ons harte en gedagtes vol is met Christus, sal ons nog meer mense daarin wil laat deel. Tweedens: sending moet nie 'n abstrakte idee bly nie maar jy moet die mense sien. Dit is geen projek wat ons dryf nie, maar dit gaan om die redding van mense van vlees en bloed, mense soos ek en jy. Ons moet seker maak dat ons mekaar ontmoet en leer ken. Dan sal daar brûe gebou word en herkenning plaasvind. Ons sal Christus se werk in mekaar herken en na mekaar toe groei.

6. Watter veranderings verwag u in Suid-Afrika?

Ek hoor die misdaad het net erger geword en dit beïnvloed baie mense se lewens. Ons is geneig om die misdaad as maatstaf te hanteer om die leefbaarheid van die land en ons eie voorspoed te meet. Ek is bly ek het nou die VSA as vergelykingsmateriaal gekry. Die voorspoed daar is enorm. Dit is baie moeilik om kontak te maak met mense wat net in materiële welvaart belangstel. Ek dink die moontlikhede om die evangelie in SA te versprei, het toegeneem. Ons gevoel van onmag kan 'n opening vir die evangelie wees. As daar gemeentes begin ontstaan waar God se krag werk, waar mense mekaar aanvaar en lief en leed deel, kan dit 'n geweldige aantrekkingskrag hê. Ek bespeur in die VGKSA nou 'n houding van 'ons is saam in Afrika'. Daar het dieper bande tussen swart en blanke lidmate gegroei deur die sendingwerk, maar ook deur die gesamentlike lyding onder misdaad.

7. Wat is die invloed van armoede op sendingwerk?

Die gevaar is dat die arm mense verlei word met 'n vals evangelie van voorspoed: julle sal welvarend word as julle glo. Hier in Amerika is 'n beweging van die 'Prosperity Gospel' wat mense vertel dat God wil dat hulle ryk is. Dit het ook in Afrika invloed gekry. Hulle sê eintlik vir die mense dat dit hul eie skuld is dat hulle nog arm is: hulle het nie God se beloftes opge-eis nie en hulle het nie genoeg geloof nie. Dis 'n onbarmhartige boodskap. Daarteenoor moet ons noukeurig nagaan wat Jesus eintlik sê. Hy het nie gekom om ons die rykdomme van die wêreld te gee nie, maar om ons by God te bring. Daarom kan iemand wat geen aardse besittings het nie, vreugde hê, omdat hy in Christus se rykdomme deel. Ek ken 'n vrou in block LL van Soshanguve, een van die sinkhuisplekke, wat altyd sukkel en nooit genoeg geld het nie. Maar sy is blymoedig en haar omstandighede het haar geleer om op die Here te vertrou. Sowel armoede as rykdom bring die verleiding om opstandig of veeleisend te word. Die gelykenis van die ryk man en die arm Lasarus gee ons die regte perspektief. Ek

dink die vrou in LL is ryker as 'n egpaar wat ons ken wat 5 motors, 'n groot huis, en duisende dollars in die bank het, maar wat Christus nie ken nie.

Daarby kom natuurlik ook dat ons as Christene mekaar wil help. As ons meer het as wat ons nodig het, wil ons deel met dié wat nie genoeg het nie. Die probleem met sendinghulp is dat dit dikwels afhanklikheid bevorder. Ek sou graag sien dat die lidmate in die sendinggemeente onderling na mekaar omsien en mekaar help. Hulle ken mekaar se omstandighede beter en kan die noodsaak beter bepaal. As daar dan tekorte is, kan hulle hulp van 'n ander kerk vra.

8. Wat is u visie vir die sendingwerk in Tshwane?

Verskoon my as ek nogal ambisieus klink... 1) seker maak dat die evangelie duidelik oorkom en dat mense 'n duidelike beslissing neem; 2) meer tyd vir gebed reserveer en myself van die Here afhanklik weet; 3) saam met ander sendelinge die bestaande gemeentes na selfstandigheid toe lei; 4) die studente verder oplei, sodat hulle selfstandig binne die sendingwerk en in die gemeentes mag funksioneer; en 5) my spesiale wens: een of meer nuwe gemeentes plant. Eerstens in Soshanguve of Mamelodi. Maar wat 'n uitdaging sou dit wees om 'n Engelstalige gemeente in Akasia te plant, sodat duidelik kan word hoe gelowiges van alle rasse in een kerk kan saamleef en saam Christus verheerlik!

...tot sover die onderhoud.



Ons is dankbaar dat die Here aan ons sendelinge en medewerkers stuur wat God se Woord in ons land mag versprei. Dit is dié Woord wat die antwoord is op baie van die probleme wat ons land in die gesig staar. Dit is ook dié Woord wat mense die heil kan bring wat ons alleen aan ons Here Jesus Christus te danke het. Ons bede is dat Hy ds Boersma en sy vrou, Rinette, die krag en wysheid vir hierdie mooi taak sal skenk.

◊◊◊

Boekenuus

▪ Die Bybel met verklarende aantekeninge

Reeds sedert die verskyning van die Bybel in Afrikaans, dit wil sê sedert 1933, het die gedagte by menigeen posgevat dat daar 'n Bybel met verklarende aantekeninge moes kom. Iets soortgelyks aan die Statebybel wat deur ons voorvaders gebruik is. In 1953, presies twintig jaar na die verskyning van die Bybel in Afrikaans, is daar met hierdie werk begin onder die leiding van die Verenigde Protestantse Uitgewers. Die eerste drie-delige uitgawe van *Die Bybel met verklarende aantekeninge* het dan ook in 1958 verskyn. Dit wat die redaksie en medewerkers van hierdie waardevolle publikasie gedryf het, kan ons vind in Hand 8:30, 31. "En Filippus het daarheen gehardloop en hom die profeet Jesaja hoor lees; en hy sê: Verstaan u wel wat u lees? En hy antwoord: Hoe kan ek tog as niemand my die weg wys nie?" Tans is hierdie waardevolle werk nog net tweedehands beskikbaar. (3 dele – R850) (*Drie stelle tans in voorraad*)

▪ Familie-Studiebybel. Drie vertalings

Hierdie besondere Drie-in-een vergelykende Studiebybel is die eerste tweetalige Bybel wat albei die erkende Afrikaanse vertalings nl. die van 1933/1953 en die Nuwe vertaling van 1983 bevat, asook die gewilde New International Version of the Holy Bible (NIV). Die doel van die Studiebybel is nie om die verskille wat daar tussen die vertalings mag wees, te beklemtoon nie, maar eerder om die vertalings aanvullend tot mekaar te gebruik om so die Woord van God beter te verstaan. Kort beskrywings van al die boeke van die Ou en Nuwe Testament asook kleurrike kaarte en 'n woordelys agterin, lig minder bekende sake en onderwerpe uit. 'n Volledige familie-stamboom-register kan voorin die Bybel geboekstaaf word. (R650)

▪ Booyens, M J: Laat my lammers wei

Die sub-opskrif van hierdie boek is *Bybelse geskiedenis vir Katkisasie, Skool en Huis*. In 'n negentigtal hoofstukke behandel die skrywer die hele verbonds-geskiedenis. Hierdie werk bied meer as die blote feite van die Bybelse geskiedenis. Op eenvoudige wyse gee die skrywer hierdie geskiedenis as die draer van die Godsopenbaring, weer. Kinders van 12 tot 14 (*en ook volwassenes!!*) kan so die dieper betekenis van die gebeurtenisse wat hulle van kleins af uit die Bybel geleer het, leer verstaan. Die boek word uitgegee deur die Gereformeerde Kerk Pretoria-Sentraal. (R65)

▪ Bouwman, Clarence: Spiritual order for the church

Hierdie boek skets aan die hand van die Bybel hoe Christus se kerk op aarde regeer of gereël moet word. "The ascended Saviour is Head of the Church. People, then, may not regulate matters in Christ's Church as they see fit. Instead (as the Belgic Confession has it), 'we believe that this true Church must be governed according to the Spiritual order which our Lord has taught us in His Word'. (R178)



FOLMER BOEKHANDEL

Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530

Tel: (021) 948-5883

e-pos: folmerboek@telkomsa.net

Posbus 1453, Sanlamhof 7532

- - -

Folmer Boekhandel (Pretoria)
(Irene van der Meer)

Laseandralaan 115

0186 Môregloed

Tel/Faks: (012) 333 8064

e-pos: folmerpta@mweb.co.za

Posbus 26489

0031 Gezina

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn** : Shammah 26, Theunisstr, Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 / dskleijn@mailshack.com
- **Rev T Mogale** : 19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 / t.mogale@telkomsa.net
- **Rev MP Magagula** : 575 Blok GG, Soshanguve 0152; tel 012 798-1553 / magagula@telkomsa.net
- **Ds P Nel** : Fratesweg 775, Rietfontein, Pretoria, 0186; tel 012 331-0931 / rufusnel@mweb.co.za
- **Ds E Viljoen** : Mauritiussingel 3, Stellenberg 7550; tel 021 919-9149 / eviljoen7@absamail.co.za
- **Ds HH van Alten** : Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 / hhvanalten@vgkmaranata.org.za

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Dr JA Breytenbach** : Blackwoodstr 12, Bellair, Bellville 7530; tel 021 919-4215 / hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds CF Nicholson** : Patoustr 33, Amanda Glen 7530; tel 021 975-9994 / c.nicholson@absamail.co.za
- **Ds PG Boon** : Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186; tel 012 332-1028 / pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Rev J Mhlanga** : Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid; tel 012 791-0983 / jmhlanga@vgkmaranata.org.za

ADVERTENSIEBELEID

In die toekoms sal dit vir ons lesers moontlik wees om in *Kompas* te adverteer. Daar was enersyds versoeke om advertensies te plaas vir kerklike doeleindes (byvoorbeeld vir konferensies en ander byeenkomste) asook vir persoonlike en kommersiële doeleindes. Andersyds is die redaksie van mening dat die bykomende inkomste aangewend kan word om die blad nog beter aan te bied en uit te brei, sonder om noodwendig die inskrywingsgelde te verhoog.

Ons vertrou dat ons hiermee in 'n behoefte voorsien en verwys belangstellendes na die onderstaande riglyne.

Namens die redaksie
Jan de Mooij

RIGLYNE VIR ADVERTENSIES IN *KOMPAS*

1. Die eindredaksie dra verantwoordelikheid vir alle advertensies. Advertensies word na die eindredaksie gestuur vir keuring. Indien daar twyfel bestaan, sal die *Stigting Woord en Wandel* geraadpleeg word.
2. Persoonlike advertensies (bv. geboortes, verlowings, huwelikshedenkings, huwelike, sterftes, ens.) word aanvaar. Die plasing van hierdie kategorie advertensies bevorder kerkverbandelike meelewe.
3. Algemene kommersiële advertensies word aanvaar, mits dit aan die volgende voldoen:
 - a. Die inhoud van kommersiële advertensies moet in lyn wees met die karakter van *Kompas*.
 - b. Enige advertensie wat in konflik met die gereformeerde leer is, sal nie in aanmerking geneem word nie.
 - c. Die inhoud van advertensies moet matig en waardig wees.
 - d. Hierdie kategorie advertensies moet 'n diens aan die lesers van *Kompas* lewer.
4. Riglyne vir die lengte van advertensies:
 - a. Die maksimum grootte van persoonlike advertensies is 'n sesde van 'n bladsy.
 - b. Die maksimum grootte van kommersiële advertensies is 'n kwart bladsy.
 - c. Die maksimum grootte van advertensies wat dienste aanbied wat nou verbonde is aan die karakter van *Kompas*, is 1 bladsy.
5. Die eindredaksie behou die reg voor om die plasing van advertensies te weier.

Vasgestel op die vergadering van die kernredaksie
30 November 2007

Om u advertensie te plaas, kontak asb. kompas.admin@vgk.org.za of
012 332-0127 voor die 1ste van elke maand. Advertensietariewe is op aanvraag
beskikbaar (minimum riglyn R30 per 1/16 van 'n bladsy).

ADVERTENSIES

Eienaar en uitgewer:

Stigting Woord en Wandel

G de Jager (voorsitter)

BJ Kamphuis

FJ van der Meer

Mev L Ros

E-pos (stigting):

kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:

Printburo

Tel 012 335 9134

Redaksie:

Ds Erik van Alten

Jan de Mooij

Greet de Vries

Marlene de Vente

Redaksieadres:

Cunninghamlaan 1301

Waverley 0186

e-pos : kompas@vgk.org.za

Administrasie:

Mev L Ros

Posbus 23931

Gezina, 0031

Tel 012 332 0127

e-pos :

kompas.admin@vgk.org.za

Advertensies:

Navrae by die Administrasie
(minimum R30 vir 1/16 bls)

Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel

Nedbank Gezina

Takkode : 16 03 45

Rek nr: 1603 031 820

**Vermeld asb u naam
en lidnommer**

Intekengelde (per jaar):

RSA per e-pos : R50

RSA per hand : R100

RSA per pos : R125

Buiteland per e-pos : €10

Buiteland per seepos : €30

Buiteland per lugpos : €40

□ ■ □ ■ □

Strand/Gordonsbaai,
3-slaapkamer (2-badkamer)
gemeubileerde vakansiewoonstel te huur
op grondvloer met groot, sonnige stoep;
50m van die see (direkte toegang,
geen pad tussen-in).
Tel: 083 469 9767 of www.savenues.com/visit/capesurprise/

□ ■ □ ■ □

Indien u **Kompas** as 'n geskenk
wil gee of van iemand weet wat
dalk belangstel, is u welkom om
die besonderhede van die persoon
aan die administrasie deur te gee.

□ ■ □ ■ □

